



Verwysing: 20210129-715  
Lêerno.: 12/2/8/13  
Navrae: AJ Lamprecht

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Intermediêre Fase, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

**Onderwerp: Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging vir Graad 4 tot 7 en Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade vir Graad 8 en 9**

1. Die **Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging (SAWU)** en die **Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade (SAWO)** is Wiskundige geleenthede vir leerders in onderskeidelik Graad 4 tot 7 en Graad 8 en 9. Die SAWU en die SAWO wil die gehalte van Wiskunde-onderrig en leer bevorder deur leerders met interessante en uitdagende probleme op hul eie graadvlak te prikkel, en hulle te help om die belangrike vaardighede vir die 21ste eeu te ontwikkel.
2. Die SAWU en die SAWO is daarop gemik om:
  - Wiskunde gewild te maak;
  - probleemoplossing in Wiskunde-onderrig te bevorder;
  - die idee te bevorder dat Wiskundige aktiwiteite meer as net berekeninge is;
  - die belangrikheid van lees tydens Wiskundige aktiwiteite te beklemtoon;
  - inligting te deel wat bydra tot betekenisvolle wiskundige aktiwiteite in klaskamers;
  - 'n diagnostiese hulpmiddel te bied om onderwysers te help om leerderwanopvattinge te identifiseer.
3. Die SAWU en die SAWO gaan nie net daarvoor om mee te ding nie; dit fokus daarop om leerders aan uitdagende Wiskundige probleme bloot te stel. Die vrae is opgestel om begrip te ontwikkel, kennis toe te pas in nuwe situasies, kommunikasie te beklemtoon en algemene Wiskundige denke te bevorder.

4. Leerders kan op twee maniere deelneem:
  - Sterker leerders kan verkies om as individue deel te neem.
  - Ander leerders kan verkies om in pare saam te werk.
5. Die **2021 Suid-Afrikaanse Wiskunde-uitdaging (Graad 4 tot 7)** bestaan uit **drie rondes**:
  - Eerste ronde: 15 tot 19 Maart 2021
  - Tweede ronde: 18 Mei 2021
  - Finale ronde: 22 Julie 2021
6. Die **2021 Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade (Graad 8 en 9)** bestaan uit **drie rondes**:
  - Eerste ronde: 11 Maart 2021
  - Tweede ronde: 18 Mei 2021
  - Finale ronde: 22 Julie 2021
7. Skole word aangeraai om leerders toe te laat om vorige jare se vraestelle deur te werk.
  - Die vorige SAWU-vraestelle vir graad 4 tot 7 kan verkry word by: <http://www.samfolympiads.co.za/ChallengePage.aspx?ID=69&AspxAutoDetectCookieSupport=1>
  - Die SAWO-vraestelle vir graad 8 en 9 kan verkry word by: [https://drive.google.com/drive/folders/1rl5ZGTnCw4i72707K95tCCZ\\_TAIWLDK3?usp=sharing](https://drive.google.com/drive/folders/1rl5ZGTnCw4i72707K95tCCZ_TAIWLDK3?usp=sharing)
8. Daar is geen inskrywingsvorme vir die SAWU nie. Alle skole sal die vraestelle en memorandum ontvang wat by die skool geskryf moet word. Let daarop dat die *South African Mathematics Foundation* (SAMF) 'n spesifieke vorm sal voorsien waarop die uitslae ná die nasienproses bygewerk moet word. Sodra die proses voltooi is, moet dit aan die SAMF gestuur word wat dan die registrasieproses vir die tweede ronde sal administreer.
9. Inskrywings vir die SAWO is reeds oop. Skole wat graag wil deelneem, kan aanlyn registreer by die *South African Mathematics Foundation* (SAMF) <https://www.samf.ac.za/en/sa-mathematics-olympiad>, of kan die inskrywingsvorm wat as Bylae A aangeheg is voltooi en indien. Maak asseblief seker dat die inskrywingsvorme behoorlik voltooi is.
10. Die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) sal die inskrywingsgeld vir leerders by gewone openbare skole subsideer. **Inskrywings sluit op 26 Februarie 2021.**
11. Die vraestelle vir die eerste ronde sal per e-pos via die distriks-/kringorganiseerders uitgereik word en skole moet drukstukke maak vir hul leerders wat gaan deelneem.
12. Die eerste ronde sal by skole geskryf word. Onderwysers kan die antwoorde nasien of dit kan gedurende 'n oop klasbespreking deur die leerders nagesien word. Die SAMF sal die memorandum van die vraestelle voorsien.

13. Die tweede ronde is slegs vir leerders wat 50% of meer in die eerste ronde behaal het en dit sal by sentrale lokale in die onderskeie streke afgeneem word.
14. Elke deelnemer aan die SAWU/SAWO sal deur minstens een probleem uitgedaag word wat sy of haar probleemoplossingvaardighede sal verskerp. Hierdie vaardighede kan verder verbeter word deur noukeurig deur die oplossings vir hierdie rondes te werk. Alternatiewe en nuwe oplossings sal aangebied word en die probleme wat in die vraestelle gebruik word kan as hulpbronne vir klasbesprekings dien.
15. Kreatiewe probleemoplossingvaardighede is belangrik en grootliks verkrygbaar in die moderne tegnies-georiënteerde wêreldmark. Suid-Afrika moet mededingend wees, en daarom het ons kundige probleemoplossers nodig. Opleiding in probleemoplossing sal help om toekomstige leiers in tegnologiese ontwikkeling op te lei.
16. Die logistieke reëlings vir die kompetisies kan op die volgende webwerwe verkry word:  
**SAWU – Graad 4 tot 7:** <http://www.samf.ac.za/en/sa-mathematics-challenge>  
**SAWO – Graad 8 en 9:** <http://www.samf.ac.za/en/sa-mathematics-olympiad>
17. Die SAMF erken prestasie en sal die volgende sertifikate toeken:
  - Goue sertifikaat: Alle leerders behaal meer as 80% in die finale ronde
  - Silwer sertifikaat: Alle leerders behaal tussen 60% en 79% in die finale ronde
  - Brons sertifikaat: Alle leerders behaal tussen 50% en 59% in die finale ronde
18. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers vir Wiskunde te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2021-02-03